Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Skryf 'n **opstel** van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

1.1 Dit was 'n dom ding om te doen. **[50]**

1.2 Perfekte kinders **[50]**

1.3 Respekteer die lewe. **[50]**

1.4 Dissiplineer sport 'n mens? Ja of nee? **[50]**

1.5 Ons kan die oorlog teen dwelms wen. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



[Uit: www.google.com] **[50]**

1.6.2



[Uit: www.google.com] **[50]**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



1.6.3



[Uit: www.google.com]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jou maat het 'n nuwe werk gekry. Hy/Sy is bang vir die eerste werksdag.

Skryf 'n **informele brief** aan jou maat waarin jy hom/haar raad gee. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou maat se ma is onlangs oorlede.

Skryf 'n **huldeblyk** wat jy oor haar gaan lewer. **[30]**

2.3 **RESENSIE**

Jy het 'n Afrikaanse boek gelees wat vir jou baie interessant was. Jy wil graag hê jou maats moet dit ook lees.

Skryf 'n **resensie** wat in 'n jeugtydskrif gaan verskyn. **[30]**

2.4 **ONDERHOUD**

Iemand in jou gemeenskap het 'n kind se lewe gered. Jy is 'n joernalis vir julle dorp se koerant en wil meer inligting oor die insident kry.

Skryf die **onderhoud** neer wat jy met die held/-in gevoer het. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy en 'n groepie leerders het besluit om 'n konsert by julle skool te reël.

Ontwerp 'n **plakkaat** om mense van die konsert te vertel en hulle daarheen uit te nooi. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Om te wag vir 'n mens se matriekuitslae, is erg.

Maak die volgende **dagboekinskrywings** vir TWEE dae:

- Jou gevoelens/gedagtes die dag VOOR die matriekuitslae in die koerant verskyn.
- Jou gevoelens/gedagtes die dag NA die matriekuitslae in die koerant verskyn het. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy en jou maats speel julle gunstelingspeletjie. Iemand wat nie die speletjie ken nie, wil saamspeel.

Skryf SEWE **instruksies** neer oor hoe 'n mens dié speletjie speel. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**